basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V2

## (PRAKTIES)

## 21 JULIE–23 OKTOBER 2023

**PUNTE: 100**

**TYD:**

| | | |
|---|---|---|
| **ONDERWERP 1:** | **Moet gedurende die 3de kwartaal by die skool en/of by die huis gedoen word [50]** |
| **ONDERWERP 2:** | **Moet gedurende die 4de kwartaal onder gekontroleerde omstandighede SLEGS by die skool gedoen word: 'n minimum van 12 uur en 'n maksimum van 24 uur [50]** |

**Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   ONDERWERP 1: BRONBOEK
   ONDERWERP 2: KUNSWERK

2. Beantwoord AL die vrae in ONDERWERP 1 en ONDERWERP 2.

3. Jou onderwyser moet hierdie eksamen inlei en fasiliteer.

4. In hierdie eksamen word daar van jou verwag om die volgende vaardighede te toon:

   - Pas gevorderde benaderings onafhanklik en kreatief toe om idees in reaksie op 'n projek-opdrag te genereer.
   - Toon 'n gevorderde graad van tegniese vaardigheid met die gebruik van 'n verskeidenheid materiale en tegnieke.
   - Los visuele en konseptuele probleme op met die skep van verbeeldingryke en innoverende kunswerke deur 'n persoonlike, ekspressiewe visuele taal te gebruik.
   - Bestuur tyd en die werkproses doeltreffend en bied eie werk op 'n professionele manier aan wat die ekspressiewe en konseptuele impak van die werk versterk.

5. Jou finale praktiese eksamen in graad 12 verteenwoordig die hoogtepunt van jou kunsstudies hierdie jaar. Jou kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardigheid sal ten toon gestel word. Mag jy dit geniet om hierdie kunswerk te skep en mag dit vars en oorspronklik wees en persoonlike ervaring weerspieël.

**ONDERWERP 1: BRONBOEK** (Gekonseptualiseer deur die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees)

Die bronboek bied insig oor hoe jy idees gevorm het, hoeveel alternatiewe jy ondersoek het, asook ander prosesse wat tot die finale werk gelei het. Die bronboek moet al die denkprosesse wat tot die skep van die kunswerke gelei het, duidelik oordra.

**Jy moet visueel die 'storie' vertel van hoe jou kunswerk deur tekenwerk, eksperimentering en skryfwerk uitgedink, ontwikkel en geskep is. Dit moet jou individualiteit en kreatiwiteit as 'n Visuele Kunste-kandidaat weerspieël.**

Die bronboek maak 'n belangrike deel van hierdie eksamen uit. Jy mag by die skool en by die huis daaraan werk.

Merk hierdie bronboek duidelik as eksamenwerk en bied dit saam met jou finale kunswerk, ONDERWERP 2, aan.

Die proses van **TRANSFORMASIE (VERANDERING)** van die bronmateriaal is uiters belangrik.

As jy geskikte ontleende visuele beelde moet gebruik, moet jy dit met jou eie, oorspronklike visuele beelde kombineer of die visuele beelde betekenisvol verander om **JOU EIE INTERPRETASIE TE ONTWIKKEL**.

**Direkte kopiëring uit tydskrifte, die internet, ens. word NIE toegelaat NIE. Direkte kopiëring van 'n visuele beeld wat nie jou eie is nie, SAL GEPENALISEER WORD. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.**

Jou onderwyser moet die aanvanklike dinkskrum fasiliteer en vir jou leiding met die kreatiewe proses gee.

**ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK** (Die maak van kreatiewe kunswerke, die bestuur van die proses en aanbieding deur veilige praktyk te volg)

Die eksamenwerk moet binne 'n minimum van 12 uur en 'n maksimum van 24 uur in die teenwoordigheid van 'n toesighouer in die kunslokaal gedoen word. Die Visuele Kunste-onderwyser moet beskikbaar wees om met enige tegniese kwessies te help.

**ALGEMENE RIGLYNE**

1. Daar word van jou verwag om EEN kunswerk te skep in die **praktiese dissipline(s) waarmee jy die gemaklikste voel**.

2. Jy kan jou kunswerk aanbied as 'n enkele stuk of moontlik in die vorm van 'n diptiek, triptiek of 'n reeks werke wat as een kunswerk gelees word.

3. **Jy mag NIE die kunswerk uit die klaskamer/eksamenlokaal verwyder NIE. Dit word as 'n eksamenonreëlmatigheid beskou.**

4. Jy mag die vraestel met jou Visuele Kunste-onderwyser bespreek VOORDAT jy met die finale kunswerk begin.


5. Daar is geen beperkings op grootte nie, maar die kunswerk moet hanteerbaar en duursaam wees ten opsigte van vervoer na die eksamensentrum, indien die provinsie dit vereis.

6. Daar is geen spesifieke voorskrifte ten opsigte van die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressionisties, dekoratief, ens. wees.

7. Jy kan ander media insluit om gemengdemedia-werk in enige van die praktiese dissiplines te skep.

8. **Jy moet voortdurend in jou bronboek werk en aantekeninge maak, tot aan die einde van die 24-uur-eksamen, wat ruimte skep vir finale veranderinge en idees. Die proses is belangrik aangesien dit jou in staat sal stel om jou sukses en tekortkominge tydens die eksamen te verduidelik en aan te teken.**

**TEMA**




**Lig is noodsaaklik vir alle lewe op aarde om te floreer en te oorleef.**

**Beurtkrag het ons almal van die belangrikheid van lig in ons lewens bewus gemaak.**




Trevor Makhoba, ***Inguyazane (Caucus (Koukus))***, olieverf op bord, 1995.

Deur die geskiedenis het ons fakkels, kerse, lampe, vuur en elektriese beligting gebruik om lig te skep.



Georges de La Tour, ***Magdalene with The Smoking Flame (Magdalene met Die Rokende Vlam)***, olieverf op doek, c. 1640.



Gerard Sekoto, ***Family with Candle (Gesin met Kers)***, olieverf op doek, 1942.

# Lig as 'n werktuig

Lig laat ons sien. Skilders regdeur die geskiedenis het met lig gewerk, beide as 'n onderwerp en as 'n werktuig. Lig bepaal kleur, skadu/skakering en skep vorme.



Rembrandt, ***The Denial of St Peter (Die Ontkenning van Die Heilige Petrus)***, olieverf op doek, 1660.


In ***The Denial of St Peter (Die Ontkenning van Die Heilige Petrus)*** het Rembrandt chiaroscuro gebruik om 'n skerp kontras tussen lig en skadu te skep. 'n Ligstraal skep 'n kollig op die kop en skouers van die hooffiguur, terwyl al die res in skadu gelaat word, wat 'n dramatiese, teatrale effek skep.

# Lig as onderwerp




Vilhelm Hammershoi, ***Moonlight, Strandgade 30 (Maanlig, Strandgade 30)***, olieverf op doek 1900–1906.

Hammershoi het 'n reeks skilderye gemaak waarin hy dieselfde kamer in Kopenhagen op verskillende tye van die dag uitgebeeld het. In hierdie skildery het hy diep laventelskakerings en fluweelagtige kwaswerk gebruik om die effek van maanlig vas te vang. Die leegheid van die ruimte beklemtoon die kwaliteite/eienskappe van die beligting en die geometriese patrone van die argitektuur. Hammershoi was bekend as die skilder van 'stilte en lig'.



Claude Monet, ***Haystacks (Hooimiedens)***, olieverf op doek, 1890.




Claude Monet, ***Haystacks (End of Summer) (Hooimiedens (Einde van die Somer))***, olieverf op doek, 1890–1891.

Die Impressioniste was geïnteresseerd in die veranderende effek van lig. Lig is gebruik om te wys hoe statiese voorwerpe op verskillende tye van die dag en seisoene verander het, soos gesien kan word in Monet se reeks skilderye, ***Haystacks (Hooimiedens)***, waar die kwaliteit/eienskap van lig van kleur en stemming verander.

# Simboliese lig

'Niks kan die lig wat van binne skyn, verdof nie.'




Daar kan simbolies na lig gekyk word. Lig word as 'n simbool van hoop en spiritualiteit gebruik.

In Gerard Sekoto se ***Evening Prayer (Aandgebed)***, bring Sekoto hulde aan 'n nederige gesin wat in aandgebed verenig is. Die kers skyn op die beeld van Christus wat teen die muur hang. 'n Geestelike lig raak aan elke lid van die gesin.

Lig is egter nie altyd hoopvol nie. In ***Informal Settlement (Informele Nedersetting)*** het die fotograaf, Paul Botes, sy kamera gebruik om lig te werp op die moeilike lewe vir die gesinne van die Marikana-mynwerkers wat in 2012 doodgemaak is.



Paul Botes, ***Informal Settlement (Informele Nedersetting)***, foto, 2013.




***All The Light We Cannot See*** is 'n boek wat deur Anthony Doerr geskryf is. Dit vertel die verhaal van die verhouding tussen 'n blinde Franse meisie en 'n Duitse seun wat in die besette Frankryk bymekaargekom het terwyl beide probeer het om die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog te oorleef. 'Die lig wat ons nie kan sien nie' spreek tot die kompleksiteit van elke karakter.

# Lig as materiële oorweging



Ali Cavanaugh, ***You Never Escape (Jy Onsnap Nooit Nie)***, waterverf op kleipaneel, 2015.



Ali Cavanaugh, ***Looking through to You (Kyk deur na Jou)***, waterverf op kleipaneel, 2015.

Waterverfkunstenaars bewaar die 'ligtheid van die grond'. Die kunstenaars meng nie wit in hulle kleur om ondeursigtige, ligte kleure te maak nie, maar gebruik eerder deursigtige lae kleure wat die ligheid van die wit papier laat deurskyn.



Luke Jerram, ***Invisible Homeless (Onsigbare Hawelose),*** geblaasde glas, 2021.

Luke Jerram vestig die aandag op die benarde posisie van hawelose mense. Hy gebruik die deursigtigheid van die materiaal van glas om die onsigbaarheid van haweloses te beklemtoon. Die breekbaarheid van glas spreek tot die kwesbaarheid van hawelose mense.

# Fisiese lig



Deens-Yslandse kunstenaar, Olafur Eliasson, het in 2003 ***The Weather Project (Die Weerprojek)*** by die Tate Modern in Londen geskep. Eliasson het 'n halfsirkelvormige skyf opgestel, wat bestaan uit honderde lampe wat geel lig uitstraal. Die saal se plafon is met groot spieëls bedek, waarin besoekers hulleself as klein, swart skadu's teen 'n massa oranje lig kon sien.



Yayoi Kusama, ***Infinity Mirrored Room – The Souls of Millions of Light Years Away***, ***(Eindelose Kamer met Spieëls – Die Siele van Miljoene Ligjare Ver***, hout, metaal, glasspieëls, plastiek, akrielpaneel, rubber, LED-beligtingstelsel, akrielballetjies en water, 2013.

Yayoi Kusama het oneindige (eindelose) kamers geskep deur spieëls en gereflekteerde lig te gebruik. Hierdie ruimtes verken ruimte sonder einde en herhaling deur lig.

# Lig as gewigloosheid

'So lig soos 'n veer'

Lig kan ook met 'gewig' geassosieer word, waar kunstenaars ligte, brose/breekbare en/of deursigtige materiale gebruik. Terry Kurgan het op dun sy-panele gedruk, waarvan die deursigtigheid en gewigloosheid die gedrukte beeld en die terrein agter terselfdertyd sigbaar maak.



Terry Kurgan, ***Constitution Hill (Konstitusieheuwel)***,
installasie met gebruik van PVC en sy, 2002.

# Lig

**Jy moet 'n kunswerk oor hierdie tema skep.**

Wat beteken lig vir jou?

Jy kan die volgende oorweeg:

- Persoonlik
  - Beurtkrag
  - Wat jou lewe verlig
- Gemeenskap
- Wêreldwyd
  - Energiekrisis
- Wetenskaplik
- Spiritueel
- Fisies
  - Werk met lig om kuns te skep
- Materiaal
  - Gebruik van 'ligte' materiaal, bv. sneespapier, gaas, transparante



Jou reaksie moet persoonlik en oorspronklik wees en jou gedagtes, idees, emosies en ervarings van hierdie tema toon.

**Riglyne vir die kandidaat**

**ONDERWERP 1 – BRONBOEK**

Gebruik die volgende stappe om visueel die **verhaal** te vertel van hoe jou kunswerk, op die tema *Lig* gebaseer, tot stand gekom, ontwikkel en geskep is. Dit moet jou **individualiteit** en **kreatiwiteit** as 'n Visuele Kunste-kandidaat weerspieël.

| | **ONDERWERP 1:** Bronboek – 8 stappe | **AKSIE** | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | **Vra**<br>*Vind die probleem* | **Ondersoek** die tema/vraag van die opdrag. | **Konsep-ontwikkeling** | **Prosestekeninge**<br>Ten minste 30% moet tekeninge wees om jou konsep-ontwikkeling te verduidelik | **Aanbieding en algehele voorkoms** |
| 2. | **Leer**<br>*Versamel inligting wat betrekking het* | **Dinkskrum:** breinkaarte, woordspeletjies, persoonlike nadenke/besinning, ens.<br>**Navorsing** oor kunstenaars wat jou inspireer | | | |
| 3. | **Kyk**<br>*Verkry die kennis* | **Versamel:** materiaal wat jou inspireer, bv. foto's, beelde, versamelde gedigte, lirieke. Wees op hierdie stadium oopkop en versamel wyd. | | | |
| 4. | **Speel**<br>*Ontwikkeling* | **Eksperimentering** van **media** en/of verskillende **tegnieke** (kry inspirasie van die kunstenaars wat jy nagevors het) | | | |
| 5. | **Dink**<br>*Ontwikkel idees* | **Vind** die onderwerp.<br>**Teken** en **neem foto's** van jou onderwerp.<br>Begin om **komposisiesketse** met aantekeninge te maak. | | | |
| 6. | **Integreer**<br>*Kombineer idees* | Begin om met jou idees rond te speel en te soek na **onverwagte kombinasies**.<br>Verbind die verskillende idees, skakel sommige uit en voeg ander by.<br>Suksesvolle kreatiwiteit kom nooit uit slegs een idee nie; eerder uit 'n kombinasie van verskeie idees.<br>**Eksperimenteer verder** met materiale om nuwe moontlikhede of uitbreiding van tegniek te ondersoek. | | | |
| 7. | **Kies**<br>*Kies die beste idee* | **Finale komposisie-tekeninge**<br>Refleksie/Besinning | | | |
| 8. | **Maak**<br>*Realiseer idees* | **ONDERWERP 2:**<br>**Skep** die kunswerk | | | |

**ONDERWERP 2: SKEP DIE KUNSWERK**

In die finale kunswerk sal jy in staat wees om idees, emosies en gedagtes oor jou individuele interpretasie van die tema te wys:

- Daar moet 'n duidelike verband tussen die bronboek en die kunswerk wees.
- Die kunswerk moet uit die bronboek ontwikkel.
- 'n Idee is slegs so goed soos die uitvoering daarvan en die aandag aan besonderhede.
- Onthou die belangrikheid van die elemente en beginsels van kuns, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, verhouding en komposisie.
- Komposisie moet sorgvuldig oorweeg word om visuele belangstelling te skep.
- Laat die kunswerk 'n uitdrukking van jou eie ervarings, idees, gevoelens, ens. wees om met die kyker te deel.
- Werk met jou sterk punte.

## ONDERWERP 1: BRONBOEK

| ASSESSERINGSKRITERIA | Dit sluit die volgende in: | Voorgestelde punte-toekenning |
|---|---|---|
| **Konsep-ontwikkeling** | • Breinkaarte, benoemde sketse en tekeninge om konsep-ontwikkeling te toon | **25%** |
| **Navorsing, ondersoek, eksperimentering, ens.** | • Dit moet **sommige of al** die volgende insluit:<br>o Sketse, tekeninge, foto's, visuele beelde, versamelde gedigte, lirieke en enige ander materiaal wat jou inspireer<br>o Navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het<br>o Eksperimentering met media en/of verskillende tegnieke<br>o Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van **jou** werk en **jou** besluite ondersteun. | **25%** |
| **Prosestekeninge** | • Ten minste 30% moet tekeninge wees om jou konsep-ontwikkeling te verduidelik. | **25%** |
| **Aanbieding en algehele voorkoms** | • Dit moet visueel interessant wees en 'n persoonlike benadering toon.<br>• Jou bronboek moet uit gemiddeld 8 tot 10 bladsye bestaan. | **25%** |
| | **TOTAAL** | **50** |

## ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

| ASSESSERINGSKRITERIA | Dit sluit die volgende in: | |
|---|---|---|
| **Keuse en gebruik van materiaal/tegnieke** | • Geskiktheid van materiaal en tegniek volgens die konsep<br>• Veilig en hanteerbaar<br>• Tegniese vaardigheid | |
| **Gebruik van formele kunselemente** | • Die belangrikheid van kunselemente en kunsbeginsels, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie | |
| **Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering** | • Ontwikkeling van nuwe, unieke en ongewone reaksies/oplossings | |
| **Interpretasie en praktiese implementering van navorsing** | • 'n Persoonlike interpretasie van 'n tema<br>• Eksperimentering<br>• Pak nuwe uitdagings aan | |
| **Voltooiing en aanbieding van kunswerk** | • Aandag aan detail<br>• Taak in aangewese tyd voltooi<br>• Aanbieding volgens taak | |
| | **TOTAAL** | **50** |

## ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK
## Assesserings-/Modereringsrubrieke/-instrumente

| | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | 90–100 | • Die kandidaat het baie idees ontwikkel; het ongewone kombinasies of veranderinge probeer voor een finale idee gekies is; het verbindings met vorige kennis gemaak; bemeester probleemoplossingsvaardighede.<br>• Poging is veel meer as wat vereis was.<br>• Die 'WOW'-faktor is duidelik.<br>• Werk toon groot mate van innovering.<br>• Die werk as 'n geheel is vol selfvertroue en spreek tot 'n mens; dit vang die kyker vas met die uitstaande visuele eienskappe.<br>• Die werk toon duidelik 'n oorspronklike visie, 'n verskeidenheid innoverende idees en/of die neem van risiko's en vindingryke artikulasie van 'n wye reeks elemente en beginsels.<br>• Inhoud/Konseptuele rykdom van die werk is uitstekend.<br>• Uitstaande en oorspronklike aanbieding; buitengewone vermoë; kreatiewe rykheid; insiggewend; vlot; hoë vaardigheid; waarneming en kennis kragtig uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings. |
| **Uitstekend** | 80–89 | • Treffende impak; gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend; afgerond; vaardigheid duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/ relevante visuele verwysings; aanbieding oorspronklik en oorwoë; minder beslis; 'n paar geringe foute sigbaar.<br>• Die meeste van die bostaande, maar sonder die 'WOW'-faktor.<br>• Dikwels uitstekende tegniese vaardighede, maar nie so innoverend nie OF baie innoverend, maar 'n gebrek aan tegniese rykheid. |
| **Baie goed** | 70–79 | • Goed georganiseerd, soos hierbo, maar 'n gebrek aan die 'glans en sprankel' (minder oortuigend ten opsigte van verbeelding, kreatiwiteit en innovering); goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele verwysings; duidelike sorg en moeite gedoen met oorspronklike aanbieding; 'n paar ooglopende teenstrydighede/tekortkominge sigbaar.<br>• Goeie bewyse van moeite en toewyding.<br>• Interessant/Innoverend/Kreatief, maar nie tegnies afgerond nie.<br>• Tegnies goed, maar gebrek aan konseptuele rykheid of andersom. |
| **Goed** | 60–69 | • Die werk toon 'n mate van oorspronklikheid; duidelike bedoeling; oortuigend; eenvoudige direkte gebruik van medium; toon begrip, maar neig soms na die alledaagse en stereotiepe reaksie; voldoende keuse van relevante visuele verwysings; redelik moeite gedoen met aanbieding; steurende/ooglopende teenstrydighede.<br>• Goeie vlak van bevoegdheid. |
| **Gemiddeld** | 50–59 | • Voldoende; voel meganies; nageboots of gekopieer; min insig.<br>• Verbeeldingloos; enkele visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie.<br>• Billike aanbieding; baie steurende teenstrydighede.<br>• Gemiddelde vlak van tegniese bevoegheid; moontlik beperkte betrokkenheid met betrekking tot tyd en moeite.<br>• Beelde is uit 'n ander bron gekopieer, met min transformasie van beelde.<br>• Min bewyse dat iets ongewoons probeer is.<br>• Die omvang van die werk is eng en/of herhalend. |

| | | |
|---|---|---|
| **Ondergemiddeld** | 40–49 | • Genoeg materiaal/werk om te slaag; nie logies saamgestel nie.<br>• Beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede en/of gebrek aan tyd aan taak gewy, kan bydraende faktore wees.<br>• Min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding; benodig ondersteuning/motivering om te slaag.<br>• Beelde is uit 'n ander bron gekopieer met baie min transformasie.<br>• Komposisie is swak en onontwikkeld; geen bewyse van beplanning nie, of onvolledige beplanning. |
| **Swak** | 30–39 | • Net genoeg materiaal/werke om te slaag.<br>• Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik.<br>• Min moeite gedoen om inligting op 'n aanvaarbare wyse aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysings nie.<br>• Algemene gebrek aan toewyding; benodig ondersteuning/motivering om te slaag.<br>• Onvoldoende tyd aan taak gewy; standaard onder dit wat aanvaarbaar is.<br>• Swak oplossings vir probleme; kunswerk is gekopieer en oppervlakkig; geen bewyse van oorspronklike denke nie. |
| **Baie swak**<br>**Druip** | 20–29 | • Baie min inligting; onsamehangend; nie maklik om na te kyk nie; weinig of irrelevante werk/visuele inligting.<br>• Geen moeite gedoen om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking.<br>• Baie swak vaardigheidsvlak.<br>• Projek is baie swak of onvoltooid.<br>• Swak artistiese besluitneming; kandidaat lewer min insette.<br>• Klasse is misgeloop en kandidaat het nie die tyd ingehaal nie. |
| **Onaanvaarbaar**<br>**Druip** | 0–19 | • Onsamehangend; irrelevant; baie min of geen werk nie; gebrek aan selfs beperkte vaardighede; geen toewyding/samewerking nie.<br>• Werk onvoltooid.<br>• Swak artistiese besluitneming; kandidaat het geen moeite gedoen nie.<br>• Die meeste klasse is misgeloop en die kandidaat het nie die tyd ingehaal nie. |

## ADDENDUM A

1. Daar word van die kandidaat verwag om EEN kunswerk in die PRAKTIESE OPSIE te maak wat hy/sy HIERDIE JAAR GEKIES HET. Gespesialiseerde opsies sluit teken, skilder, beeldhouwerk, drukkuns, multimedia-werk, fotografie, installasies, nuwe media, ens. in.

2. Sommige kandidate het die vryheid nodig om oor dissiplines heen te werk. Dit is in ooreenstemming met kontemporêre kunspraktyke. 'n Gespesialiseerde fokus op skilder kan die verkenning van driedimensionele werk en nuwe media insluit.

3. Kandidate se kunswerke word volgens die kriteria vir die vak, Visuele Kunste, nagesien en nie volgens die gespesialiseerde opsie nie, bv. skilder en fotografie. In alle gespesialiseerde opsies moet daar 'n balans wees tussen tegniese (vorm) en konseptuele (inhoud) aspekte binne die benadering wat gekies is. Die kandidaat se bedoeling met en benadering tot beide die tegniese en konseptuele aspekte van die werk moet in aanmerking geneem word wanneer die kunswerk(e) geassesseer word.

4. Kontemporêre kunstenaars ontleen uit 'n oneindige verskeidenheid materiaal, bronne en style om kuns te skep. Kontemporêre kunstenaars wat binne die **Postmoderne** era werk, aanvaar die idee van 'kunssinnige pluralisme', die aanvaarding van 'n verskeidenheid kunsbedoelings en -style.

5. **Vandag se kontemporêre kunswêreld toon 'n oorkruising/integrasie van media/tegnieke, wat beteken dat ons vooropgestelde idees van tegnieke voortdurend verander. Praktiese werk moet altyd deur kontemporêre kunspraktyk ingelig word.**

6. Kreatiwiteit en individualiteit moet beklemtoon word.

7. Volg die skool se gedragskode vir die bestuur van die eksamen.

## ADDENDUM B: RIGLYNE VIR NUWE-MEDIA-/MULTIMEDIA-/DIGITALE KUNS, ENS.

Volgens die Kurrikulum-en-Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) moet onderwysers nie voorskriftelik wees oor gespesialiseerde dissiplines, soos donkerkamerfotografie, drukkuns, teken en beeldhou nie. Onderwysers moet die KABV-dokument vir riglyne raadpleeg, en ook na tradisionele gebruik en praktyke in kontemporêre skone kuns in hierdie dissiplines verwys. Hieronder is algemene riglyne vir die grys areas in kontemporêre dissiplines: nuwe-media-/multimedia-/digitale kuns, ens.

**Om in nuwe-media-/multimedia-/digitale kuns te werk, waarborg NIE hoë punte NIE.**

### NUWE-MEDIA-/MULTIMEDIA-/DIGITALE KUNS, ENS.

**BRONBOEK**

- **Konsep-ontwikkeling** en -uitvoering moet 'n belangrike rol in alle nuwe-media-/ multimedia-/digitale werk speel. Bewyse van die kandidaat se denkprosesse wat tot die finale uitvoering van die konsep in sy/haar werk gelei het, moet visueel sigbaar wees.
- Die bronboek moet bewys toon van:
  - Relevante bronmateriaal – eie bronne geskep met gebruik van sagteware of met die hand geskep en deur verskeie toevoertoestelle gedigitaliseer
  - Konsep-ontwikkeling (duimnaelsketse, skryfwerk en/of 'n storiebord)
  - Navorsing oor kunstenaars wat soortgelyke benaderings volg
  - Dokumentering van programme wat gebruik is, bv. skermskote
  - Ten minste 30% moet tekeninge wees om konsep-ontwikkeling te verduidelik.

**KUNSWERK**

- Alle nuwe-media-kuns moet **kunssinnigheid bo tegniese vaardighede beklemtoon**. Met ander woorde, dit is nie die kandidaat se vaardigheid in 'n spesifieke rekenaarprogram wat geassesseer word nie, maar die estetiese gebruik daarvan. Daarom is navorsing oor kontemporêre kunstenaars noodsaaklik om 'n eie kunswerk te skep. (Kandidate moet onderskei tussen die gebruik van nuwe media om kuns te skep, teenoor ontwerp, bv. musiekvideo's.)
- Die gebruik van rekenaartoepassings as 'n hulpmiddel om konsep, ekspressiewe en formele kwessies te realiseer (soortgelyk aan hoe 'n skilder sy kwas en verf sou gebruik)
- Kandidate moet konseptuele, estetiese, ekspressiewe en formele kwessies as fundamenteel tot die benadering beskou, kontekssensitiwiteit ingesluit.
- Persoonlike kontrole en uitvoer van werk

**AANBIEDING**

- Aanbieding is belangrik.
- Videokuns en animasies word gewoonlik in kunsgalerye en -museums in groot formaat aangebied om die kyker met 'n totale sensoriese ervaring te oorweldig. Alhoewel dit in die meeste skole nie moontlik is nie, moet die kandidaat die impak van die werk op 'n rekenaarskerm oorweeg.

- In tweedimensionele digitale werk kan die finale kunswerk nie slegs 'n A4-afdruk wees nie. Dit moet 'n reeks van ten minste DRIE A4-werke wees wat narratief verbind is OF in A2 (of groter) gedruk en gemonteer wees.
- In animasie-/videokuns moet ruimte, tyd, beweging, narratief, chronologie, interaksie van beeld en klank in ag geneem word.
- Kandidate moet **die klankbaan in animasie-/videokuns** sorgvuldig oorweeg. Die klankbaan verleen dikwels 'n 'musiekvideo'-gevoel aan die werk en weerspreek die boodskap. Kandidate kan hulle eie klanke skep.

## FOTOGRAFIE

### BRONBOEK

- Die ontwikkeling van 'n sterk konsep is uiters belangrik in fotografie.
- Kandidate wat hierdie opsie kies, moet hulleself vergewis van kontemporêre ontwikkelings in digitale fotografie in skone kuns.
- Eksperimenteer met beelde en speel met tegnieke deur ander materiaal te inkorporeer, bv. collage of stik/hegting ('stitching').
- Ten minste 30 persent van die bronboek moet tekeninge wees.
- Indien die kandidaat digitale fotografie gebruik, moet die bronboek die volgende insluit:
  - Die program wat gebruik is
  - Alle digitale sagtewareprosedures. Die kandidaat moet rekord hou van skermskote wat alle redigeringsbesluite wat geneem is, illustreer.
  - Die hulpmiddels wat die kandidaat gebruik het om sy/haar beelde te manipuleer, met ander woorde verstellings gemaak, filters gebruik (verwringing, geraas, vertolking, skets), ens.

### KUNSWERK

- Fotografie, beide tradisioneel en digitaal, is nie net 'n tegniese oefening nie, maar sluit ook vrae oor estetika, bedoeling, inhoud, ens. by die assesseringskriteria in.
- Om die oorspronklikheid van die fotografie te verseker, moet alle foto's op die terrein onder toesig gedurende hierdie eksamen geneem word.
- Donkerkamer-, digitale of gemengdemedia-fotografie mag gebruik word.
- Die SD-kaart moet vir die duur van die eksamen by die skool bly.

### AANBIEDING

- Die foto's moet **as EEN kunswerk gekonseptualiseer en aangebied** word, bv. deur 'n narratief te volg.
- Kandidate moet die aanbieding van die werk sorgvuldig oorweeg.
- Alle manipulasies en veranderinge moet binne die 24-uur-eksamen gedoen word.
- Aanbieding moet binne die 24 uur afgerond word.

## INSTALLASIE

- Installasies breek weg van tradisionele skilder- en beeldhouwerk deur driedimensionele ruimtes te skep wat kykers kan betree en deur 'n kunstenaar se prosesse en visies omring word. 'n Omgewing word geskep deur voorwerpe te rangskik in ruimte en omgewings wat die ruimte self verander of versterk.
- Dit moet ooreenkom met kontemporêre ontwikkelings in skonekuns-praktyke.
- Twee- en driedimensionele elemente binne 'n omgewing.
- Kandidate kan klaargemaakte items ('ready-mades') gebruik.
- Die kyker se interaksie met ruimte is belangrik.
- Sensitiwiteit vir kykerontvangs en interaksie op veelvuldige sensoriese vlakke.
- Installasiekunswerke moet onder toesig beide tegnies en konseptueel in die eksamenlokaal volledig afgerond word. Daar moet uitgebreide navorsing en konsep-ontwikkeling in die bronboek wees om die kunswerk te regverdig.

## UITVOERENDE KUNS ('PERFORMANCE ART')

- Beplan, dokumenteer en repeteer uitvoerendekuns-stukke deeglik.
- Maak tekeninge deur die hele konseptualiseringsproses van die uitvoering.
- Dokumenteer die uitvoering fotografies, videografies en met tekeninge en woorde.
- Gee sorgvuldig aandag aan die subtiele verskille tussen Uitvoerende Kuns ('Performance Art') as Visuele Kuns en Uitvoerende Kuns ('Performance Art') as Dramatiese Kuns.
- Vir die finale eksamen sal die dokumentering van die opvoering geassesseer word en nie die werklike uitvoering nie, weens die aard van die eksamen- en modereringsproses.
- Alle beeldgebruik/kunswerke moet ooreenkom met jou skool se gedragskode. Dink aan sensitiewe beelde en kwessies in alle kulturele praktyke.

| VERKLARING VAN EGTHEID | |
|---|---|
| **Hierdie verklaring moet deur die kandidaat voltooi en geteken word. Dit moet ook deur die onderwyser geteken word en dek alle bewyse voorgelê.** | |
| **Kandidaat se naam:** | **Datum:** |
| **Ek verklaar dat die aangehegte NSS praktiese eksamen alles my eie, oorspronklike werk is en nie enige werk deur iemand anders as ek insluit nie. Ek het die eksamen volgens die instruksies en tydsbeperkinge voltooi.** | |
| **Kandidaat se handtekening:** | **Datum:** |
| **Onderwyser se naam:** | **Datum:** |
| **Namens ........................................................................................... (sentrumnaam) bevestig ek dat, volgens my kennis, die kandidaat hierbo die enigste outeur van die voltooide aangehegte eksamen is en dat dit onder die vereiste toestande voltooi is.** | |
| **Onderwyser se handtekening:** | **Datum:** |
| **Skoolhoof se handtekening:** | **Datum:** |

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V2

## (PRAKTIES)

## 21 JULIE–20 OKTOBER 2023

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 100**

**TYD: ONDERWERP 1: Moet gedurende die 3de kwartaal by die skool en/of by die huis gedoen word [50]**

**ONDERWERP 2: Moet gedurende die 4de kwartaal onder gekontroleerde omstandighede SLEGS by die skool gedoen word: 'n minimum van 12 uur en 'n maksimum van 24 uur [50]**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   ONDERWERP 1: BRONBOEK
   ONDERWERP 2: KUNSWERK

2. Kandidate moet AL die vrae in ONDERWERP 1 en ONDERWERP 2 beantwoord.

3. In hierdie eksamen word daar van kandidate verwag om die volgende vaardighede te demonstreer:

   - Pas gevorderde benaderings onafhanklik en kreatief toe en genereer idees in reaksie op 'n projek-opdrag.
   - Toon 'n gevorderde graad van tegniese vaardigheid met die gebruik van 'n verskeidenheid materiaal en tegnieke.
   - Los visuele en konseptuele probleme op met die skep van verbeeldingryke en innoverende kunswerke deur 'n persoonlike, ekspressiewe visuele taal te gebruik.
   - Bestuur tyd en die werkproses doeltreffend en bied eie werk op 'n professionele manier aan wat die ekspressiewe en konseptuele impak van die werk versterk.

4. Die finale kuns- praktiese eksamen in graad 12 verteenwoordig die hoogtepunt van 'n kandidaat se kunsstudies hierdie jaar. Hulle kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardigheid sal ten toon gestel en nagesien word.

5. Elke kandidaat moet 'n assesseringsrubriek ontvang. Nasieners moet die eksamennommer insluit en die kandidaat se punt op hierdie rubriek aanteken. Alle rubrieke moet vir eksterne moderering beskikbaar wees, indien vereis.

Kopiereg voorbehou

## ONDERWERP 1: BRONBOEK

**In die bronboek moet die kandidaat VISUEEL die 'storie' vertel van hoe die finale kunswerk UITGEDINK, ONTWIKKEL en GESKEP is. Dit moet gedoen word deur teken, skryf, plak, foto's, ens. Hierdie reis in die bronboek moet individualiteit en kreatiwiteit weerspieël.**

**NASIENRIGLYNE:**

- Die bronboek gee insig oor die manier waarop die kandidate idees gevorm het, hoeveel alternatiewe hulle ondersoek het, asook ander prosesse wat tot die finale werk gelei het.
- Die bronboek moet die kandidate se denkprosesse, wat tot die konseptualisering van hulle finale kunswerk gelei het, duidelik oordra.
- Direkte kopiëring uit tydskrifte, die internet, ens. word NIE toegelaat NIE. Direkte kopiëring van 'n visuele beeld wat nie hulle eie is nie, sal gepenaliseer word. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar. Volpunte vir **konsep-ontwikkeling** kan nie toegeken word as daar bewyse is van direkte kopiëring nie.
- Die proses van TRANSFORMASIE (VERANDERING) van die bronmateriaal is uiters belangrik.
- As kandidate gepaste ontleende beelde gebruik het, moet hulle dit transformeer en dit met hulle eie oorspronklike beelde kombineer om hulle eie interpretasie te ontwikkel.
- Ten minste 30% moet tekeninge wees (van eenvoudige lyntekeninge/sketse tot tonale tekeninge) om konsep-ontwikkeling te verduidelik.
- Daar moet 'n duidelike verband tussen die bronboek, die oorspronklike konsep en die finale kunswerk wees.
- Die bronboek kan A3, A4 of enige ander grootte wees.
- Netheid in die bronboek is nie 'n kriterium nie; die klem is eerder op kreatiwiteit en innovering in konseptualisering.

| ASSESSERINGS-KRITERIA | Dit sluit die volgende in: | Voorgestelde punte-toekenning |
|---|---|---|
| **Konsep-ontwikkeling** | • Breinkaarte, benoemde sketse en tekeninge om konsep-ontwikkeling te toon | **25%** |
| **Navorsing, ondersoek, eksperimentering, ens.** | • Dit moet **sommige of al** die volgende insluit:<br>o Sketse, tekeninge, foto's, visuele beelde, versamelde gedigte, lirieke en enige ander materiaal wat die kandidaat inspireer<br>o Navorsing oor kunstenaars wat die kandidaat geïnspireer het<br>o Eksperimentering met media en/of verskillende tegnieke<br>o Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van die werk en moet besluite ondersteun. | **25%** |
| **Prosestekeninge** | • Ten minste **30%** moet tekeninge wees om konsep-ontwikkeling te verduidelik. | **25%** |
| **Aanbieding en algehele voorkoms** | • Dit moet visueel interessant wees en 'n persoonlike benadering toon.<br>• Die bronboek moet uit **gemiddeld 8 tot 10 bladsye** bestaan. | **25%** |
| | **TOTAAL** | **50** |

**ONDERWERP 2: KUNSWERK**

**NASIENRIGLYNE:**

- Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die toesighouer in die kunslokaal voltooi word, deur 'n minimum van 12 uur en 'n maksimum van 24 uur te gebruik. **Die Visuele Kunste-onderwyser moet beskikbaar wees om met enige tegniese kwessies te help.**
- Daar word van die kandidaat verwag om EEN kunswerk te skep in die PRAKTIESE DISSIPLINE WAT HY/SY HIERDIE JAAR GEKIES HET. (Sien ADDENDUM A.)
- Hierdie tema is oop vir baie interpretasies. Dit kan beskrywend, simbolies of meer metafories wees.
- Kandidate kan hulle werk aanbied as 'n enkele stuk of moontlik in die vorm van 'n diptiek, triptiek of 'n reeks werke wat as een kunswerk gelees word.
- Daar is geen beperkings op grootte nie, maar die kunswerk moet hanteerbaar en duursaam wees ten opsigte van vervoer na die eksamensentrum, indien die provinsie dit vereis.
- Onthou die belangrikheid van die elemente en beginsels van kuns, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie.
- Volpunte kan nie vir die **algemene indruk van die werk**, **oorspronklikheid**, **kreatiwiteit**, **innovering** en **interpretasie en praktiese implementering van navorsing** toegeken word as daar bewyse van direkte kopiëring is nie.
- Daar is geen spesifieke voorskrifte ten opsigte van die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressionisties, dekoratief, abstrak, konseptueel, ens. wees.
- Kandidate mag ander media insluit om gemengdemedia-werk in enige van die praktiese dissiplines te skep.
- Onthou die kandidaat is 18–19 jaar oud en die kunswerk moet 'n uitdrukking van sy/haar belangstellings/idees en onsekerhede op daardie vlak wees.
- Kreatiwiteit en individualiteit moet beloon word. Klem moet op oorspronklikheid, die estetiese eienskappe, 'varsheid' en energie van die kunswerk geplaas word.
- Die kunswerk moet op 'n holistiese wyse nagesien word.

Die kandidaat kan enige benadering, medium, tegniek, ens. kies wat vir sy/haar bedoeling geskik is, terwyl die aard en omvang van die assesseringskriteria nagekom word. Die NSS-kriteria vereis van 'n kandidaat om kunswerke te konseptualiseer en te skep. Dit behels dat die kandidaat moet streef na 'n balans tussen tegniese (vorm) en konseptuele (inhoud) aspekte binne die gekose benadering. Die kandidaat se bedoeling en benadering tot beide die tegniese en konseptuele aspekte van die werk moet in ag geneem word wanneer die kunswerk(e) geassesseer word. Kandidate kan werk skep met 'n perseptuele, ekspressiewe of konseptuele fokus **of 'n kombinasie** van hierdie benaderings.

## ONDERWERP 2: KUNSWERK

| ASSESSERINGS-KRITERIA | Dit sluit die volgende in: | |
|---|---|---|
| **Keuse en gebruik van materiaal/tegnieke** | • Geskiktheid van materiaal en tegniek volgens die konsep<br>• Veilig en hanteerbaar<br>• Tegniese vaardigheid | |
| **Gebruik van formele kunselemente** | • Die belangrikheid van kunselemente en kunsbeginsels, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie | |
| **Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering** | • Ontwikkeling van nuwe, unieke en ongewone reaksies/oplossings | |
| **Interpretasie en praktiese implementering van navorsing** | • 'n Persoonlike interpretasie van 'n tema<br>• Eksperimentering<br>• Pak nuwe uitdagings aan | |
| **Voltooiing en aanbieding van kunswerk** | • Aandag aan detail<br>• Taak in aangewese tyd voltooi<br>• Aanbieding volgens taak | |
| | **TOTAAL** | **50** |

## ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK
## Assesserings-/Modereringsrubrieke/-instrumente

| | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | 90–100 | • Die kandidaat het baie idees ontwikkel; het ongewone kombinasies of veranderinge probeer voor een finale idee gekies is; het verbindings met vorige kennis gemaak; bemeester probleemoplossingsvaardighede.<br>• Poging is veel meer as wat vereis was.<br>• Die 'WOW'-faktor is duidelik.<br>• Werk toon groot mate van innovering. Die werk as 'n geheel is vol selfvertroue en spreek tot 'n mens; dit vang die kyker vas met die uitstaande visuele eienskappe.<br>• Die werk toon duidelik 'n oorspronklike visie, 'n verskeidenheid innoverende idees en/of die neem van risiko's en vindingryke artikulasie van 'n wye reeks elemente en beginsels.<br>• Inhoud/Konseptuele rykdom van die werk is uitstekend.<br>• Uitstaande en oorspronklike aanbieding; buitengewone vermoë; kreatiewe rykheid; insiggewend; vlot; hoë vaardigheid; waarneming en kennis kragtig uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings. |
| **Uitstekend** | 80–89 | • Treffende impak; gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend; afgerond; vaardigheid duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/ relevante visuele verwysings; aanbieding oorspronklik en oorwoë; minder beslis; 'n paar geringe foute sigbaar.<br>• Die meeste van die bostaande, maar sonder die 'WOW'-faktor.<br>• Dikwels uitstekende tegniese vaardighede, maar nie so innoverend nie OF baie innoverend, maar 'n gebrek aan tegniese rykheid. |
| **Baie goed** | 70–79 | • Goed georganiseerd, soos hierbo, maar 'n gebrek aan die 'glans en sprankel' (minder oortuigend ten opsigte van verbeelding, kreatiwiteit en innovering); goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele verwysings; duidelike sorg en moeite gedoen met oorspronklike aanbieding; 'n paar ooglopende teenstrydighede/tekortkominge sigbaar.<br>• Goeie bewyse van moeite en toewyding.<br>• Interessant/Innoverend/Kreatief, maar nie tegnies afgerond nie.<br>• Tegnies goed, maar gebrek aan konseptuele rykheid of andersom. |
| **Goed** | 60–69 | • Die werk toon 'n mate van oorspronklikheid; duidelike bedoeling; oortuigend; eenvoudige direkte gebruik van medium; toon begrip, maar neig soms na die alledaagse en stereotiepe reaksie; voldoende keuse van relevante visuele verwysings; redelik moeite gedoen met aanbieding; steurende/ooglopende teenstrydighede.<br>• Goeie vlak van bevoegdheid. |
| **Gemiddeld** | 50–59 | • Voldoende; voel meganies; nageboots of gekopieer; min insig.<br>• Verbeeldingloos; enkele visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie.<br>• Billike aanbieding; baie steurende teenstrydighede.<br>• Gemiddelde vlak van tegniese bevoegheid; moontlik beperkte betrokkenheid met betrekking tot tyd en moeite.<br>• Beelde is uit 'n ander bron gekopieer, met min transformasie van beelde.<br>• Min bewyse dat iets ongewoons probeer is.<br>• Die omvang van die werk is eng en/of herhalend. |

| | | |
|---|---|---|
| **Ondergemiddeld** | 40–49 | • Genoeg materiaal/werk om te slaag; nie logies saamgestel nie.<br>• Beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede en/of gebrek aan tyd aan taak gewy, kan bydraende faktore wees.<br>• Min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding; benodig ondersteuning/motivering om te slaag.<br>• Beelde is uit 'n ander bron gekopieer met baie min transformasie.<br>• Komposisie is swak en onontwikkeld; geen bewyse van beplanning nie, of onvolledige beplanning. |
| **Swak** | 30–39 | • Net genoeg materiaal/werke om te slaag.<br>• Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik.<br>• Min moeite gedoen om inligting op 'n aanvaarbare wyse aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysings nie.<br>• Algemene gebrek aan toewyding; benodig ondersteuning/ motivering om te slaag.<br>• Onvoldoende tyd aan taak gewy; standaard onder dit wat aanvaarbaar is.<br>• Swak oplossings vir probleme; kunswerk is gekopieer en oppervlakkig; geen bewyse van oorspronklike denke nie. |
| **Baie swak**<br>**Druip** | 20–29 | • Baie min inligting; onsamehangend; nie maklik om na te kyk nie; weinig of irrelevante werk/visuele inligting.<br>• Geen moeite gedoen om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking.<br>• Baie swak vaardigheidsvlak.<br>• Projek is baie swak of onvoltooid.<br>• Swak artistiese besluitneming; kandidaat lewer min insette.<br>• Klasse is misgeloop en kandidaat het nie die tyd ingehaal nie. |
| **Onaanvaarbaar**<br>**Druip** | 0–19 | • Onsamehangend; irrelevant; baie min of geen werk nie; gebrek aan selfs beperkte vaardighede; geen toewyding/samewerking nie.<br>• Werk onvoltooid.<br>• Swak artistiese besluitneming; kandidaat het geen moeite gedoen nie.<br>• Die meeste klasse is misgeloop en die kandidaat het nie die tyd ingehaal nie. |

## ADDENDUM A

1. Daar word van die kandidaat verwag om EEN kunswerk in die PRAKTIESE OPSIE te maak wat hy/sy HIERDIE JAAR GEKIES HET. Gespesialiseerde opsies sluit teken, skilder, beeldhouwerk, drukkuns, multimedia-werk, fotografie, installasies, nuwe media, ens. in.

2. Sommige kandidate het die vryheid nodig om oor dissiplines heen te werk. Dit is in ooreenstemming met kontemporêre kunspraktyke. 'n Gespesialiseerde fokus op skilder kan die verkenning van driedimensionele werk en nuwe media insluit.

3. Kandidate se kunswerke word volgens die kriteria vir die vak, Visuele Kunste, nagesien en nie volgens die gespesialiseerde opsie nie, bv. skilder en fotografie. In alle gespesialiseerde opsies moet daar 'n balans wees tussen tegniese (vorm) en konseptuele (inhoud) aspekte binne die benadering wat gekies is. Die kandidaat se bedoeling met en benadering tot beide die tegniese en konseptuele aspekte van die werk moet in aanmerking geneem word wanneer die kunswerk(e) geassesseer word.

4. Kontemporêre kunstenaars ontleen uit 'n oneindige verskeidenheid materiaal, bronne en style om kuns te skep. Kontemporêre kunstenaars wat binne die **Postmoderne** era werk, aanvaar die idee van 'kunssinnige pluralisme', die aanvaarding van 'n verskeidenheid kunsbedoelings en -style.

5. **Vandag se kontemporêre kunswêreld toon 'n oorkruising/integrasie van media/tegnieke, wat beteken dat ons vooropgestelde idees van tegnieke voortdurend verander. Praktiese werk moet altyd deur kontemporêre kunspraktyk ingelig word. Dit moet tydens die nasien van eksamenwerk in ag geneem word.**

6. Kreatiwiteit en individualiteit moet beklemtoon word.

7. Volg die skool se gedragskode vir die bestuur van die eksamen.

Kopiereg voorbehou 

## ADDENDUM B: RIGLYNE VIR NUWE-MEDIA-/MULTIMEDIA-/DIGITALE KUNS, ENS.

Volgens die Kurrikulum-en-Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) moet onderwysers nie voorskriftelik wees oor gespesialiseerde dissiplines, soos donkerkamerfotografie, drukkuns, teken en beeldhou nie. Onderwysers moet die KABV-dokument vir riglyne raadpleeg, en ook na tradisionele gebruik en praktyke in kontemporêre skone kuns in hierdie dissiplines verwys. Hieronder is algemene riglyne vir die grys areas in kontemporêre dissiplines: nuwe-media-/multimedia-/digitale kuns, ens.

**Om in nuwe-media-/multimedia-/digitale kuns te werk, waarborg NIE hoë punte NIE.**

## NUWE-MEDIA-/MULTIMEDIA-/DIGITALE KUNS, ENS.

### BRONBOEK

- **Konsep-ontwikkeling** en -uitvoering moet 'n belangrike rol in alle nuwe-media-/ multimedia-/digitale werk speel. Bewyse van die kandidaat se denkprosesse wat tot die finale uitvoering van die konsep in sy/haar werk gelei het, moet visueel sigbaar wees.
- Die bronboek moet bewys toon van:
  - Relevante bronmateriaal – eie bronne geskep met gebruik van sagteware of met die hand geskep en deur verskeie toevoertoestelle gedigitaliseer
  - Konsep-ontwikkeling (duimnaelsketse, skryfwerk en/of 'n storiebord)
  - Navorsing oor kunstenaars wat soortgelyke benaderings volg
  - Dokumentering van programme wat gebruik is, bv. skermskote
  - Ten minste 30% moet tekeninge wees om konsep-ontwikkeling te verduidelik.

### KUNSWERK

- Alle nuwe-media-kuns moet **kunssinnigheid bo tegniese vaardighede beklemtoon**. Met ander woorde, dit is nie die kandidaat se vaardigheid in 'n spesifieke rekenaarprogram wat geassesseer word nie, maar die estetiese gebruik daarvan. Daarom is navorsing oor kontemporêre kunstenaars noodsaaklik om 'n eie kunswerk te skep. (Kandidate moet onderskei tussen die gebruik van nuwe media om kuns te skep, teenoor ontwerp, bv. musiekvideo's.)
- Die gebruik van rekenaartoepassings as 'n hulpmiddel om konsep, ekspressiewe en formele kwessies te realiseer (soortgelyk aan hoe 'n skilder sy kwas en verf sou gebruik)
- Kandidate moet konseptuele, estetiese, ekspressiewe en formele kwessies as fundamenteel tot die benadering beskou, kontekssensitiwiteit ingesluit.
- Persoonlike kontrole en uitvoer van werk

### AANBIEDING

- Aanbieding is belangrik.
- Videokuns en animasies word gewoonlik in kunsgalerye en -museums in groot formaat aangebied om die kyker met 'n totale sensoriese ervaring te oorweldig. Alhoewel dit in die meeste skole nie moontlik is nie, moet die kandidaat die impak van die werk op 'n rekenaarskerm oorweeg.

- In tweedimensionele digitale werk kan die finale kunswerk nie slegs 'n A4-afdruk wees nie. Dit moet 'n reeks van ten minste DRIE A4-werke wees wat narratief verbind is OF in A2 (of groter) gedruk en gemonteer wees.
- In animasie-/videokuns moet ruimte, tyd, beweging, narratief, chronologie, interaksie van beeld en klank in ag geneem word.
- Kandidate moet **die klankbaan in animasie-/videokuns** sorgvuldig oorweeg. Die klankbaan verleen dikwels 'n 'musiekvideo'-gevoel aan die werk en weerspreek die boodskap. Kandidate kan hulle eie klanke skep.

## FOTOGRAFIE

### BRONBOEK

- Die ontwikkeling van 'n sterk konsep is uiters belangrik in fotografie.
- Kandidate wat hierdie opsie kies, moet hulleself vergewis van kontemporêre ontwikkelings in digitale fotografie in skone kuns.
- Eksperimenteer met beelde en speel met tegnieke deur ander materiaal te inkorporeer, bv. collage of stik/hegting ('stitching').
- Ten minste 30 persent van die bronboek moet tekeninge wees.
- Indien die kandidaat digitale fotografie gebruik, moet die bronboek die volgende insluit:
  - Die program wat gebruik is
  - Alle digitale sagtewareprosedures. Die kandidaat moet rekord hou van skermskote wat alle redigeringsbesluite wat geneem is, illustreer.
  - Die hulpmiddels wat die kandidaat gebruik het om sy/haar beelde te manipuleer, met ander woorde verstellings gemaak, filters gebruik (verwringing, geraas, vertolking, skets), ens.

### KUNSWERK

- Fotografie, beide tradisioneel en digitaal, is nie net 'n tegniese oefening nie, maar sluit ook vrae oor estetika, bedoeling, inhoud, ens. by die assesseringskriteria in.
- Om die oorspronklikheid van die fotografie te verseker, moet alle foto's op die terrein onder toesig gedurende hierdie eksamen geneem word.
- Donkerkamer-, digitale of gemengdemedia-fotografie mag gebruik word.
- Die SD-kaart moet vir die duur van die eksamen by die skool bly.

### AANBIEDING

- Die foto's moet **as EEN kunswerk gekonseptualiseer en aangebied** word, bv. deur 'n narratief te volg.
- Kandidate moet die aanbieding van die werk deeglik in ag neem.
- Alle manipulasies en veranderinge moet binne die 24-uur-eksamen gedoen word.
- Aanbieding moet binne die 24 uur afgerond word.

## INSTALLASIE

- Installasies breek weg van tradisionele skilder- en beeldhouwerk deur driedimensionele ruimtes te skep wat kykers kan betree en deur 'n kunstenaar se prosesse en visies omring word. 'n Omgewing word geskep deur voorwerpe te rangskik in ruimte en omgewings wat die ruimte self verander of versterk.
- Dit moet ooreenkom met kontemporêre ontwikkelings in skonekuns-praktyke.
- Twee- en driedimensionele elemente binne 'n omgewing.
- Kandidate kan klaargemaakte items ('ready-mades') gebruik.
- Die kyker se interaksie met ruimte is belangrik.
- Sensitiwiteit vir kykerontvangs en interaksie op veelvuldige sensoriese vlakke.
- Installasiekunswerke moet beide tegnies en konseptueel in die eksamenlokaal onder toesig volledig afgerond word. Daar moet uitgebreide navorsing en konsep-ontwikkeling in die bronboek wees om die kunswerk te regverdig.

## UITVOERENDE KUNS ('PERFORMANCE ART')

- Beplan, dokumenteer en repeteer uitvoerendekuns-stukke deeglik.
- Maak tekeninge deur die hele konseptualiseringsproses van die uitvoering.
- Dokumenteer die uitvoering fotografies, videografies en met tekeninge en woorde.
- Gee sorgvuldig aandag aan die subtiele verskille tussen Uitvoerende Kuns ('Performance Art') as Visuele Kuns en Uitvoerende Kuns ('Performance Art') as Dramatiese Kuns.
- Vir die finale eksamen sal die dokumentering van die opvoering geassesseer word en nie die werklike uitvoering nie, weens die aard van die eksamen- en modereringsproses.
- Alle beeldgebruik/kunswerke moet ooreenkom met jou skool se gedragskode. Dink aan sensitiewe beelde en kwessies in alle kulturele praktyke.

| **VERKLARING VAN EGTHEID** | |
|---|---|
| **Hierdie verklaring moet deur die kandidaat voltooi en geteken word. Dit moet ook deur die onderwyser geteken word en dek alle bewyse voorgelê.** | |
| **Kandidaat se naam:** | **Datum:** |
| **Ek verklaar dat die aangehegte NSS praktiese eksamen alles my eie, oorspronklike werk is en nie enige werk deur iemand anders as ek insluit nie. Ek het die eksamen volgens die instruksies en tydsbeperkinge voltooi.** | |
| **Kandidaat se handtekening:** | **Datum:** |
| **Onderwyser se naam:** | **Datum:** |
| **Namens ........................................................................................................ (sentrumnaam) bevestig ek dat, volgens my kennis, die kandidaat hierbo die enigste outeur van die voltooide aangehegte eksamen is en dat dit onder die vereiste toestande voltooi is.** | |
| **Onderwyser se handtekening:** | **Datum:** |
| **Skoolhoof se handtekening:** | **Datum:** |

Kopiereg voorbehou